## SKRIFTUURLIKE WYSHEID

Wat is wysheid? Ons ken geleerdheid soos wat ons dit in die sisteem van hierdie wêreld geleer word in die verskeie institute wat gevestig is deur baie jare, maar wat is wysheid in die lig van die Skrif?

**Wysheid beskryf vanuit die Torah**

Met die Torah (eerste vyf boeke) as fondasie lees ons die eerste keer van wysheid in Ex. 28:3.

> "Jy moet ook spreek met almal wat kunsvaardig is, wat Ek met die gees van wysheid vervul het, dat hulle vir Aäron klere maak, om hom af te sonder, dat hy vir My die priesteramp kan bedien."

Wysheid kom dus van JaHUaH af met 'n spesifieke doel, naamlik om die Tabernakel se voorwerpe te maak sowel as om die priesterskap toe te rus met klere om die priesteramp te kan bedien.

Priesterskap en die klere van die priesterskap is geestelik in die Orde van Melgisèdek (1 Pet. 2, Open. 19:8).

Besàleël en Ohòliab is ook met wysheid toegerus om die tabernakel se voorwerpe te kon maak.

> Ex. 31:2 -3 "Kyk, Ek het Besàleël die seun van Uri, die seun van Hur, van die stam van Juda, by sy naam geroep; en Ek het hom vervul met die Gees van Elohiem, met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk …"

> Ex. 31:6 "En kyk, Ek het hom Ohòliab by gegee, die seun van Ahìsamag, van die stam van Dan. En in die hart van elkeen wat kunsvaardig is, het Ek wysheid gegee, dat hulle alles wat Ek jou beveel het, kan maak …"

Besàleël beteken "In die skadu van El". Hy was die seun van Uri, wat beteken "My lig". Ohòliab beteken "My tent is Vader". Ahìsamag beteken "Broer wat ondersteun".

In die skadu of nabyheid van Elohiem, kom ons in aanraking met Sy Gees van wysheid via die lig wat vanaf JaHUaH kom, wanneer die Vader ons woning is, want daar het ons 'n Broer wat ons ondersteun; dit alles om die Woning of Gebou van Elohiem op te bou (Ef. 2:19 – 22, 1 Kor. 3:9 – 23).

In Ps 111:10 en verskeie ander plekke praat die Skrif van die "vrees van JaHUaH" wat wysheid is.

> Ps. 111:10 "Die vrees van JaHUaH is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand."

Wat is die "vrees van JaHUaH" dan as dit die beginsel van wysheid is?

Vrees, H3373 (yarê) is as volg in die Ancient Hebrew Lexicon ..

> AHL 1227 Fear: The pictograph is a picture of a hand, the is a picture of a man. Combined these mean "hand of man". The hand of man is used for the throwing. A flowing of water in a river. **A throwing of the finger to show a direction to walk or live**. The throwing of an arrow. The throwing down of water in rain. **Awe or fear where one throws <u>self</u> to the foot of one in authority.**

Dit kos ons dikwels om te sterwe aan die Self as ons wysheid deur die Gees van Elohiem wil leer. Hy gebruik wat of wie Hy wil op ons weg om vir ons plekke uit te wys wat die rigting van ons pad beïnvloed wat gekorrigeer moet word onder Sy outoriteit.

Ons sien partymaal dan die Boodskapper raak van wie ons hou en wil navolg, of miskien nie so baie van hou nie en dan verwerp ons die boodskap. Dit gaan nie oor die boodskapper nie, maar oor die Boodskap. Die boodskap moet verband hou met die sentrale boodskap van die Woord, naamlik die Evangelie, wat die geestelike Melgisèdekorde is.

Sien Spreuke 2:1 – 11, 3:13 – 15, 4:1 – 11, 8:1 – 12, 8:22 – 36 in verband met wysheid.

Volgens Spreuke 8:22 – 36 is dit duidelik dat daar van JaHUsha gepraat word (Jer. 10:12, Jer. 51:15, Joh. 1:3). JaHUsha is die wysheid van JaHUaH. Vers 22 noem Hom "Eersteling". Die Melgisèdekorde funksioneer met Eersgeborenes. Diè wat hierdie Eersgeborene vind, het die lewe gevind, maar hy wat Hom mis, benadeel sy eie lewe (vers 35 – 36).

Dan is daar nog vele gedeeltes in Spreuke wat handel oor wysheid, naamlik Spreuke 9:1 – 12, 16:16, 17:16, 18:4, 21:30, 24:3 – 5, 30:3, 31:26.

Jesaja bevestig ook dat wysheid deur die Gees van JaHUaH bekom word (Jes. 11:2).

Ons probleem is dat dit wat vir ons in hierdie wêreld beskikbaar is nie juis Wysheid deur die Gees is nie. Ons word daagliks en deur ons hele lewenswandel gekonfronteer met menslike wysheid. Daarsonder kan ons nie 'n lewensbestaan maak nie en ons skryf onsself in by Universiteite, Kolleges, Institute, Kursusse, ens.,

Dit alles is egter deel van die piramide stelsel van wêreldse wysheid. Satan is die god van hierdie wêreld, en alles wat hierdie wêreld betref word deur hom beheer (2 Kor. 4:4). Tog moet ons ons bekwaam volgens beroepe in hierdie bedeling, anders kan ons nie behoorlike geld genereer om 'n bestaan te kan maak nie. Soos die Israeliete bou ons ook in slawerny aan Farao se piramide/s in hierdie wêreld.

Volgens die Woord is hierdie menslike wysheid egter glad nie belangrik nie.

> Jes. 29:14 "daarom sal Ek voortgaan om wonderlik te handel met hierdie volk, wonderlik en wonderbaar; en die wysheid van hulle wyse manne sal vergaan, en die verstand van hulle verstandige mense sal vergaan."

Omdat die wêreld se instansies waar opleiding verkry word beheer word vanaf die toppunt van die piramidiese stelsel van die god van hierdie wêreld se politiese en finansiële sisteme, is daar wysheid wat die trotsheid van Babel is (Jes. 47).

> Jer. 47:10 "… Jou wysheid en jou kennis het jou verlei, sodat jy in jou hart gesê het: Ek is dit, en niemand anders nie."

Maar wat sê Jeremia?

> Jer. 9:23 – 24 "So sê JaHUaH: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek JaHUaH is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in diè dinge het Ek 'n behae, spreek JaHUaH."

Josef het wysheid van Elohiem gehad.

> Hand. 7:9 - 10 "En die aartsvaders was jaloers op Josef en het hom verkoop na Egipte toe; maar Elohiem was met hom en het hom uit al sy verdrukkinge verlos en hom guns en wysheid geskenk voor Farao, die koning van Egipte; en diè het hom goewerneur gemaak oor Egipte en oor sy hele huis."

Moses was opgelei in die wysheid van Egipte wat wêreldse wysheid is, want Egipte is 'n tipe van die wêreld (Hand. 7:22). Egiptiese wysheid het ook okkultisme bevat. Tog het Moses eerstehands by JaHUaH wysheid geleer vandat hy by die brandende bos geroep is in Ex. 3.

Hy moes dit beoefen teenoor die wysheid van Farao, die Volk daardeur uitlei uit Egipte uit en hulle daarna lei daardeur.

Dan is daar Daniël. Wat 'n goeie voorbeeld van wêreldse wysheid teenoor die wysheid uit Elohiem.

> Dan. 1:3 – 4 "Daarop het die koning aan Aspenas, die owerste van sy hofdienaars, bevel gegee om uit die kinders van Israel, uit die koninklike geslag sowel as uit die edeles, te bring: jong seuns aan wie geen enkele liggaamsgebrek was nie, maar wat mooi van aansien was en vernuftig in allerhande wysheid en in besit van kennis en insig in wetenskap, en wat bekwaam was om in die paleis van die koning te dien; en om hulle die skrif en die taal van die Chaldeërs te leer."

Daniël was een van die wat gekies is, hy moes dus voldoen het aan al die vereistes van die koning (Dan. 1:6). Maar daar staan dat Elohiem aan die vier die betrokke wysheid gegee het, ook i.v.m. die wêreldse wysheid, maar tog ook geestelike wysheid.

> Dan. 1:17 "En hierdie vier jong seuns – Elohiem het aan hulle wetenskap en verstand in allerhande geskrifte en wysheid gegee; ook het Daniël verstand gehad van allerhande gesigte en drome."

Hulle het die Babiloniese geleerdes tien maal oortref.

> Dan. 1:20 "En in enige saak van wyse insig waarin die koning hulle ondervra het, het hy bevind dat hulle al die geleerdes *en* besweerders in sy hele koninkryk tien maal oortref het.

So kon Daniël 'n slim antwoord gee toe hulle lewens in gevaar was (Dan. 2:14). Daarop het Elohiem hom ondersteun en hom deur 'n naggesig die nodige kennis gegee (Dan. 2:19 – 21). Dit is wysheid deur die Gees van Elohiem.

> Dan. 2:22 – 23 "Hy openbaar ondeurgrondelike en verborge dinge; Hy weet wat in die duister is, en die lig woon by Hom.
> U, Elohiem van my vaders, loof en prys ek, want U het my wysheid en krag verleen, en nou het U my bekend gemaak wat ons van U afgesmeek het, want die saak van die koning het U ons bekend gemaak."

> Dan. 2:30 "En wat my betref, hierdie geheim is my geopenbaar, nie deur 'n wysheid wat in my sou wees meer as in al die lewendes nie, maar met die bedoeling dat die uitlegging aan die koning bekend gemaak sal word en u die gedagtes van u hart kan ken."

**Die Melgisèdekskrifte aangaande Wysheid**

As ons in die Melgisèdekskrifte kom, die Nuwe Testament, word die saak aangaande wysheid vanaf Elohiem al hoe helderder.

> Matt. 11:25 "In daardie tyd het JaHUsha gespreek en gesê: Ek loof U, Vader, Meester van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het."

En dan nooi hy dat ons by Hom moet kom leer, want Sy juk is sag en Sy las is lig (Matt. 11:28 – 29).

Selfs Salomo se wysheid kan nie kers vashou by diè van JaHUsha nie.

> Matt. 12:42 "Die koningin van die Suide sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel; want sy het gekom van die eindes van die aarde af om die wysheid van Salomo te hoor, en – meer as Salomo is hier!"

Die wat JaHUsha hoor praat het was verslae oor sy wysheid.

> Mark. 6:2 "En toe dit sabbat geword het, begin Hy in die sinagoge te leer, en baie wat Hom gehoor het, was verslae en sê: Waar kry Hy hierdie dinge vandaan, en watter wysheid is aan Hom gegee, dat ook sulke kragte deur sy hande plaasvind?"

JaHUsha het gegroei in die Gees en wysheid.

> Luk. 2:40 "En die Kindjie het gegroei en sterk geword in die Gees en vol van wysheid. En die genade van Elohiem was op Hom."

Luk. 2:52 "En JaHUsha het toegeneem in wysheid en grootte en in genade by Elohiem en die mense."

JaHUsha word die "Wysheid van Elohiem" genoem.

> Luk. 11:49 "Daarom het die Wysheid van Elohiem ook gesê: Ek sal profete en apostels na hulle stuur, en van diè sal hulle doodmaak en vervolg."

> 1 Kor. 1:24 " … Messias, die krag van Elohiem en die wysheid van Elohiem."

Stefanus het wysheid van Elohiem gehad wat nie weerstaan kon word nie, want hy het van JaHUsha getuig (Hand. 7).

> Hand. 6:10 "Maar hulle kon die wysheid en die Gees waardeur hy gespreek het, nie weerstaan nie."

Die dissipels was ongeleerde en eenvoudige mense, maar omdat hulle metgeselle van JaHUsha was, het hulle wysheid van Hom gekom.

> Hand. 4:13 "En toe hulle die vrymoedigheid van Petrus en Johannes sien en verstaan dat hulle ongeleerde en eenvoudige manne was, was hulle verwonderd en het hulle as metgeselle van JaHUsha herken."

In die tyd van JaHUsha was daar twee opponerende strome, die Jode met hulle Talmudiese Skrifgeleerdes en die Grieke wat bekend was vir hulle wêreldse wysheid. Albei kante het die ware wysheid ontbreek as hulle JaHUsha nie aangeneem het nie. Paulus som dit as volg op…

1 Kor. 1:17 – 31 “Want Messias het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig, nie met wysheid van woorde nie, sodat die folterpaal van Messias nie verydel mag word nie.
Want die woord van die folterpaal is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van Elohiem; want daar is geskrywe: Ek sal die wysheid van die wyse mense vernietig en die verstand van die verstandige mense tot niet maak.
Waar bly die wyse? Waar bly die skrifgeleerde? Waar die redetwister van hierdie eeu? Het Elohiem nie die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak nie?
Want aangesien in die wysheid van Elohiem die wêreld deur die wysheid Elohiem nie geken het nie, het dit Elohiem behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red; want die Jode vra ‘n teken en die Grieke soek wysheid, maar ons verkondig Messias wat gefolter is, ‘n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke; maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Messias, die krag van Elohiem en die wysheid van Elohiem.
Want wat dwaas is by Elohiem, is wyser as die mense; en wat swak is by Elohiem, is wyser as die mense; en wat swak is by Elohiem, is sterker as die mense.
Want let op julle roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges nie, nie baie edeles nie; maar wat dwaas is by die wêreld, het Elohiem uitverkies om wat sterk is, te beskaam; en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het Elohiem uitverkies, en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak, sodat geen vlees voor Hom sou roem nie.
Maar deur Hom is julle in Messias JaHUsha, wat vir ons geword het wysheid uit Elohiem en geregtigheid en afsondering en verlossing.
Daarom, soos geskrywe is: Die wat roem, moet in die Meester JaHUsha roem.”

Die Gees van Elohiem openbaar wysheid, want dit ondersoek alle dinge, 2 Kor. 2:10 - 11. Dit staan teenoor die gees van die wêreld. Dit gebeur dat dinge wat ons in institute geleer het, ons ook kan verblind, soos wat dit met die Grieke skynbaar was. Dit word die natuurlike mens genoem.

1 Kor. 2:12 – 16 “Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit Elohiem is, sodat ons kan weet wat Elohiem ons uit genade geskenk het.
Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met diè wat die Afgesonderde Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike kan vergelyk.
Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van Elohiem nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.
Maar die geestelike mens beoordeel wel alle dinge; self egter word hy deur niemand beoordeel nie.
Want wie het die **sin *(denke/verstand)* van JaHUaH** geken, dat hy Hom sou kan onderrig? Maar ons het die **sin *(denke/verstand)* van Messias**.”

Paulus het die misleiding van die wêreld se wysheid gesien en daarteen gewaarsku.

> 1 Kor. 3:18 - 21 "Laat niemand homself mislei nie: as iemand meen dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word, sodat hy wys kan word; want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by Elohiem; want daar is geskrywe: Hy wat die wyse mense in hulle listigheid vang; en verder: JaHUaH ken die gedagtes van die wyse mense, dat dit nietig is."

Paulus het vir die Efesiërs gebid dat hulle die wysheid van die Gees sal ontvang.

> Ef. 1:17 – 21 "dat die Elohiem van onse Meester JaHUsha Messias, die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, verligte oë van die verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die afgesonderdes is; en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte wat Hy gewerk het in Messias toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan Sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige."

Ook vir die Kolossense is gebid vir die wysheid van die Gees.

> Kol. 1:9 – 10 "Daarom hou ons ook nie op nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle te bid en te vra dat julle vervul mag word met die kennis van Sy wil in alle wysheid en geestelike insig, sodat julle waardiglik voor die Meester mag wandel, om *Hom* in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van Elohiem mag groei…"

Om volmaak in Messias te wees benodig ons daardie wysheid van Elohiem.

> Kol. 1:28 "Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Messias JaHUsha voor te stel."

Messias JaHUsha is Wysheid en dus is ook Sy Woord (die Nuwe Testament, Sy Torah) wysheid.

> Kol. 3:16 "laat die woord van Messias ryklik in julle woon in alle wysheid…."

Wysheid van Elohiem sal in mens se lewenswandel sigbaar wees (Jak. 1:13). Dit is weereens nie aardse wysheid nie.

> Jak. 3:15 -17 "Dit is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels; want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade.
> Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins."

Petrus het gesê dat Paulus wys is omdat hy van Messias geskryf het.

> 2 Pet. 3:15 "En ag die lankmoedigheid van onse Meester as saligheid, soos ons geliefde broeder Paulus ook met die wysheid wat aan hom gegee is aan julle geskryf het."

Openbaring erken dat die Lam wysheid ontvang.

> Open. 5:12 "en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof."

Die Jode het erken dat JaHUsha geleerdheid gehad het (Joh. 7:15 – 18).

> Joh. 7:15 "En die Jode het hulle verwonder en gesê: Hoe kom Hy aan die geleerdheid terwyl Hy geen onderwys ontvang het nie?"

Wysheid is dus uit JaHUaH soos gemanifesteer in sekere persone en uiteindelik in JaHUsha. JaHUaH is die deel van ons erfenis (Ps. 16:5). Deur Sy Gees en dus ook die Gees van JaHUsha, word ons toegerus met die Wysheid van Elohiem (Joh. 16:7, Joh. 14:16, 26).

Nadat Paulus die genade in JaHUsha verduidelik het deur die Olyfboom in Rom. 11, sluit hy af met 'n uitroep van aanbidding…

> Rom. 11:33 – 36 "O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van Elohiem! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!
> Want wie het die gedagte van JaHUaH geken, of wie was Sy raadsman gewees?
> Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?
> Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amein."

**'n Getuienis**

Iemand wat ek ken het meer grade as die meeste mense wat ek ken, maar wou nooit enige daarvan openbaar nie, selfs nie by navraag nie. Per geleentheid mag 'n onderwerp onder bespreking 'n sekere studierigting geopenbaar het, maar hoewel hy by vyf universiteite gestudeer het in verskillende studierigtings, beide in Suid-Afrika en in die buiteland, was dit vir hom irrelevant, omdat hy slegs waarde heg aan Skriftuurlike Wysheid, asook aan die Universiteit van die lewe, waar almal van ons opleiding kry.

Hy antwoord so op 'n navraag …

> *"Educational qualifications was all to obtain technical skills to put food on the table and get decent jobs in the system.*

*People are fooled by Educational qualifications to put themselves on pedastals like Humpty Dumpty. It is a human fault that people can't seem to overlook.*

*It was needed for me to do my work. All those letters and titles they give one are irrelevant in the Kingdom of Heaven Spiritual discernment. The most highly qualified people I know have been the most humble.*

*Put Man on a pedestal and you will end up with Humpty Dumpty, but if one is pointed to the Word, then one has a Jewel.*

*It is not about Man's apparent status and Wisdom, but what leads to "welcome good and faithful servant" from Matt. 25.*

*In the Kingdom it is one's Spiritual Gifts and Talents that count, not this technical worldly stuff. A university education does teach one to use one's Mind which can then be applied to any field of study.*

*Religious studies is the last thing anyone wants te be brainwashed by, but anyone that can read and write can apply their Mind to the Scriptures with all the tools available."*

**Slot**

Volgens 1 Kor. 3 is ons werksaam in 'n geestelike tabernakel of gebou, net soos wat Besàleël en Ohòliab was in die fisiese Tabernakel en klere van die Priesters.

Wat ons bou moet deur die wysheid van die Gees van Elohiem wees, dit is kosbare stene. Dit kan die vuur weerstaan.

As ons egter bou met die wysheid van hierdie wêreld, is dit hout, hooi en stoppels en sal dit die vuur nie kan weerstaan nie.

> 1 Kor. 3:9 – 23 "Want ons is medewerkers van Elohiem; die akker van Elohiem, die gebou van Elohiem is julle.
> Volgens die genade van Elohiem wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou.
> Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is JaHUsha Messias.
> En as iemand op diè fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels – elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is.

As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang;  as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly;  alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen.
Weet julle nie dat julle 'n tempel van Elohiem is en die Gees van Elohiem in julle woon nie?
As iemand die tempel van Elohiem skend, sal Elohiem hom skend;  want die tempel van Elohiem is afgesonder, en dit is julle.
Laat niemand homself mislei nie:  as iemand meen dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word, sodat hy wys kan word;  want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by Elohiem;  want daar is geskrywe:  Hy, wat die wyse mense in hulle listigheid vang;  en verder:  JaHUaH ken die gedagtes van die wyse mense, dat dit nietig is.
Laat niemand dan op mense roem nie, want alles behoort aan julle;  of dit Paulus is of Apollos of Cèfas of die wêreld of lewe of dood of teenswoordige of toekomstige dinge – alles behoort aan julle;  maar julle behoort aan Messias, en Messias aan Elohiem."

Wat nou as ons agterkom dat ons geleerdheid het volgens die wêreld maar begeer om hierdie wysheid wat die Woord van praat te bekom?

Jak. 1:5  "En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van Elohiem bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word."

Wanneer die Meester kom, wil ons as diensknegte graag hoor:

"Mooi so, goeie en getroue dienskneg …" (Matt. 25:14 – 30).

0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0

AndriYaH
November 2016